Augustus 2018 **August 2018**

BULLETIN

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

MAANDELIKSE VERGADERING

Maandag, 27 Augustus 2018: 09h00 for 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

OORLOG AS TEMA IN DIE BEELDENDE KUNSTE.

Marié Heese

Dr Heese praat oor Oorlog as tema in die beeldende kunste, met spesifieke verwysing na John Meyer se reeks van 15 skilderye oor die Anglo-Boereoorlog: *Verlore in Stof*.

Marié Heese is 'n bekende skrywer in beide Engels en Afrikaans met verskeie boeke, rubrieke en bydraes aan tydskrifte; sy het talle toekennings vir haar werk ontvang.

WAR AS THEME IN THE GRAPHIC ARTS.

Marié Heese

Dr Heese talks about War as a theme of graphic arts, with specific reference to John Meyer's series of 15 paintings on the Anglo-Boer War: *Lost in Dust*.

Marié Heese is a well-known author in both English and Afrikaans with several books, articles and contributions to magazines; over the years she has received numerous awards for her work.

Gaste en nie-lede is welkom om by te woon; toegang is gratis.

Die praatjie is hoofsaaklik in Afrikaans, maar die visuele teks is in Engels.

The talk is mainly in Afrikaans, but the visual presentation is in English and English-speakers should be able to follow the presentation.

DIT EN DAT …

Ons het verlede maand 'n baie interresante praatjie van Professor Deborah James gehad waarin sy 'n antropologiese perspektief van skuldlas en aspiraries in Suid-Afrika bespreek het.

Ons Algemene Jaarvergadering het vlot afgeloop. Na die vergadering moes die nuut-verkose komitee op hul eerste vergadering op 6 Augustus die ampsbeklêders van U3A Stilbaai aanstel – die komitee is as volg:

Voorsitter / Chairperson:	Niel van Wyk	Ander lede:	Cheryl Worth
Ondervoorsitter / Vice-chair:	Hella Döckel	Other members:	Lawrence Barltrop
Sekretaresse / Secretary:	Carol Malan		Deon Begemann
Tesourier / Treasurer:	Niel van Wyk		Karel Nel

Abraham van Rooyen het weereens vir ons van sy Zandvliet wyne geskenk vir ons Jagersbosch Fonds uitloting wat elke maand met ons maandelikse vergadering gehou word. Ons dank en waardering aan Abraham vir hierdie wonderlike donasie.

U 2018/19 LIDMAATSKAP

Lidmaatskap vir ons 2018/19 jaar moet voor 30 September 2018 hernu word, die ledegelde bly R30 per persoon per jaar. Ons bank details is as volg: ABSA Spaarrekening; Rekeningnaam: U3A Stilbaai; Rekeningnommer: 93 2178 2429; Kode: 632 005. Betaal asseblief elektronies of by 'n OTM, as u kontant oor die toonbank betaal is die bankfooie R35.31, en vir 'n tjek is dit R40.35 (ABSA kry al julle geld en ons kry niks – en ons moet nog ekstra inbetaal vir jul lidmaatskap!). Gebruik asseblief u naam as verwysing, bevestig

asseblief ook betaling met 'n epos aan *bank@u3astilbaai.org*, net om seker te maak dat ons weet julle het betaal. Dankie aan die meer as 140 lede wat reeds hul lidmaatskap hernu het.

U3A STILBAAI COURSES

The following course is currently on offer:

- **Bird Identification for beginners** : This year's remaining course is fully booked. Johan has indicated that he will again offer the courses in 2019, please contact Johan at *rooyenvanjohan@gmail.com*.

U3A STILBAAI GROEPE

Die volgende groep aktiwiteite vind plaas:

- **Stapgroep** : Die groep stap elke Vrydag oggend. Kontak Andre by *andre@andrebez.co.za*.
- **Wandelgroep** : Die groep stap Vrydag oggende as die weer gunstig is. Kontak Debra by *barltropd@gmail.com* vir meer inligting.
- **Voëlgroep :** Kontak Johan by *rooyenvanjohan@gmail.com* indien u belangstel om by die Voëlgroep aan te sluit. Die groep het ook gereelde voëlkyk uitstappies.
- **Fotografie Groep** : Die Fotografie groep vergader gereeld, enige lid wat belangstel kan Lawrence by *barltrop@vodamail.co.za* kontak.
- **Aandele Groep** : Die Aandele groep kommunikeer gereeld; lede wat belangstel kan Christo by *christoprins208@gmail.com* kontak.
- **Neuro-wetenskap Groep** : Lede wat belangstel in neuro-wetenskap besprekings, kontak asseblief Stefan by *stefanpretorius877@gmail.com*.

U3A STILBAAI OUTINGS / UITSTAPPIES

Getting to know Stilbaai

Several different tours will be offered. These include: a visit to Jongensfontein; a tour of Melkhoutfontein and Riethuiskraal; a visit to Lappiesbaai and the river (visiting a couple of historic houses); historic houses in Stilbaai West; enjoying Stilbaai's floral delights; and a viewing of trees found in Stilbaai. We'll send out a notice to members as soon as arrangements are finalised.

Zandvliet Uitstappie

Weens goeie belangstelling is twee uitstappies na Zandvliet Landgoed gereël, die eerste op 8 Augustus en die tweede op 15 Augustus. Die groepe het 'n "pairing" wynproewery by die wynkelder geniet, toe 'n lekker ligte middagmaal van sop en brood (net die regte ding vir 'n kouerige winters dag), daarna is die ClemenGold boorde by Zandvliet besoek. Die uitstappie is afgerond met 'n besoek aan die nuwe pakstoor op Olyvendal naby Robertson – die pakstoor is toegerus met die modernste masjienerie en tegnologie vir die verpakking van verskeie vrugtesoorte. Die besoek aan die pakstoor was vir baie die hoogtepunt van die dag.

Ons dank en waardering aan Johan van Rooyen, hierdie uitstappie was nie net sy voostel nie, maar hy het al die reëlings getref; sy goeie organisasie vir die twee uitstappies het vir almal 'n genotvolle en besondere dag verseker.

TALKS TO COME ...

There are a number of speakers lined up for the rest of this year; please note that due to unforeseen circumstances speakers may change at short notice.

- 24 September 2018: Our speaker is Tobie Marnewick who will talk about water saving and green energy.
- 29 October 2017: The title of Dr Susan Fourie's talk is "Dignity in Death".

---oooOOOooo---